KIXPIRASIE KWARTAAL 1 2020

Is jy blou, rooi, groen of geel?

Bring gekleurde linte of bandjies en krale om armbandjies mee te maak (kleure: blou, rooi, groen en geel).

Baie dankie dat jy hierdie jaar bereid is om ‘n leier te wees by julle Kix-groep. Dis belangrik dat julle as leiers mekaar beter leer ken. Lees die volgende 4 stellings en besluit dan watter stelling (die meeste) op jou van toepassing is. Daar is nie ‘n regte en verkeerde antwoord nie.

- Ek wil kinders kom leer van die Bybel (blou)
- Ek wil kinders help om Jesus lief te hê (rooi)
- Ek wil diensbaar wees en help waar ek kan (groen)
- Ek wil saam met kinders bid en God loof (geel)

Vertel vir mekaar watter kleur jy gekies het. Het jy geweet daar is 4 tipes spiritualiteite? Spiritualiteit is die manier waarop jy God beleef en dien.

- Blou is die kop-spiritualiteit wat groei deur kennis van God en die Bybel te verkry.
- Rooi is die hart-spiritualiteit wat God in verhoudings met ander ervaar.
- Groen is die hand-spiritualiteit wat God wil dien en ‘n verskil wil maak.
- Geel is die vlam-spiritualiteit wat God in aanbidding ervaar.

Almal is egter nodig en elkeen dra by tot die kinders se belewing van God. Jy is uniek en jou rol en bydrae hierdie jaar is belangrik vir die kinders se ervaring van Jesus.
Lees 1 Korintiërs 12 saam (veral vers 4) en besluit hoe julle mekaar hierdie jaar gaan ondersteun vir hierdie taak. Doen daarna saam ‘n gebed vir mekaar.
Jul kan ook vir mekaar armbandjies maak met die verskillende kleure om julle te herinner aan die eenheid te midde van diversiteit.
Om meer te lees, besoek gerus Dinkjeug.